My gebed vandag Here is.....

Help asseblief almal wat U ken
of nie ken nie
Help die armes en
die rykes ook
Help almal met ‘n dak oor hul kop
en al die  bergies
Help almal wat asemhaal
mense en diere ook
gee seblief vir almal iets te ete
of te drink wanneer hul dors is
gee hul ‘n warm plekkie
om te slaap
gee ons krag om te verstaan
waaroor die lewe gaan
gee ons meer verdraagsaamheid
gee ons respek vir mekaar
vat ons humeure weg
gee dat ons bedaar
dat ons sal help waar ons kan
en Here dan,
dat ons U elke dag loof en prys
vir ons bestaan, U liefde en
die weg wat U vir ons baan,
dankie Here!
Amen

-Andre-